



Exodus 16:2-15

Uittog uit Egipte

Vir die volgende 3 Sondae staan ons stil by die uittog verhaal. Wanneer 'n mens na 'n kaart van die uittog kyk, is dit vreemd dat die Israeliete die moeilike pad kies, deur die Rietsee af deur die Etam woestyn in die rigting van Horeb eerder as om sommer kortpad op te skiet Kanaän toe. Eksodus 13:17,18 gee die rede. Die kort pad was die pad deur die gebied van die Filistyne. God het gesê: *As die volk in 'n geveg betrokke raak, kan hulle dalk spyt kry en na Egipte toe teruggaan.* In die maand en 'n half hulle uit Egipte is, gebeur daar 'n hele klomp goed op die volk se pad:

- Hulle het so pas die Here se kragtige teenwoordigheid met die 10 plaë ervaar en uiteindelik laat Farao die volk trek.
- Hulle is skaars weg of vrees oorval die Israeliete as hulle agterkom Farao en 'n leermag agtervolg hulle met strydwaens. Moses paai die volk in 14:13 *Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red... Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.*
- Dan lees ons verder in 14:19 hoe die engel van die Here wat voor hulle

Let nou mooi op...

uitgetrek het, plek inneem tussen hulle en die aankomende Egiptenare. Ook die wolkkolom, teken van die Here se teenwoordigheid, skuif tussen hulle en die Egiptenare in. Aan die Egiptenare se kant was dit 'n donker wolk. Aan die Israeliete se kant het die wolk geskyn – was die nag so helder soos die dag.

- Toe hulle by die Rietsee kom met die Egiptenare op hulle hakke, maak die Here die see oop sodat hulle droogvoets deurgaan, om te sien hoe die Egiptenare verdrink toe die see agter hulle toegaan.
- Na hulle deur die Rietsee is het hulle 3 dae die woestyn ingetrek en geen water gekry nie. Toe hulle by Mara kom, is die water bitter. Die volk kla. Die Here beveel Moses om 'n stuk hout in die water te gooi en die water word vars.
- By Elim laaf die Here hulle met sy 12 oases en 70 palms. Kan net dink watter verligting en verkwikking dit moes wees.

Eksodus 16:1-15

Bogenoemde gebeur als in die vorige 6 weke. Van Elim af trek die volk af in die Sinwoestyn in. 3 dae later en die volk begin kla teenoor Moses: *As ons maar*

liewer in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos gehad het om te eet. Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom (Eks 16:3). Hulle kortsigtigheid is onverstaanbaar en hulle verset is 'n verlange na die kosspotte van Egipte.

Dan kom die Here aan die woord met hierdie treffende woorde in 16:4 *Let nou mooi op*. Die Engelse woord is "*Behold*". *Stop en kyk*. Die Hebreeuse woord is *hinene* wat ook vertaal kan word met *Ek is hier*. Hierdie woord *hinene* is soos 'n spoed hobbelpunt wat nie net die volk nie, maar ook die lesers tot stilstand wil bring om iets betekenisvol raak te sien. *Let nou mooi op*.

JHWH wil die volk laat beseef dat hulle 'n dieper honger het as die kos van Egipte en 'n dieper dors as die water van Mara. Die God van Israel wil hulle laat beseef hoekom hulle 'n ompad vat, hoekom die woestyn so belangrik is – om Hom raak te sien, om Hom te soek, om na Hom te smag. JHWH sien die volk se kortsigtigheid raak. Vir hulle is dit nie genoeg om God te sien as die Rietsee oopgaan nie. Dis klaarblyklik nie genoeg om God te sien as die bitter water soet raak nie. Dis nie genoeg om te sien God sorg met die 12 oases en 70 palmbome by Elim nie. Nee, die spul is vergeetagtig. Hulle moet elke dag herinner word. Daarom dat die Here vir hulle sê *Ek sal elke dag vir julle kos uit die hemel laat reën (16:4). Vanaand as die kwartels in die kamp kom sit en julle vleis het om te eet en môreoggend as die manna (brood) soos dou in die kamp lê, sal*

julle weet van die magtige teenwoordigheid van die Here. En die toets vir die volk: Hulle moes elke dag optel vir vandag. Let nou mooi op. Ek wil hê julle moet my vandag raaksien.

Gee ons vandag ons daaglikse brood

Tussen die baie temas van vasgelooptheid in die uittog verhaal is Eksodus 16 letterlik 'n teks om ons tot stilstand te bring. Die gedeelte herinner ons hoe maklik ons kan vasval, perspektief verloor en vergeet en wil ons juis dan laat stop om mooi te kyk, op te let hoe God sorg – elke dag in die eenvoudige goed soos die kos op ons tafel. Die toets om net vir vandag op te tel, is 'n oproep om in die oomblik te leef, nie vas te val in gister se verwyte of môre se angs nie, maar hier, nou vir God raak te sien en sy sorg te ervaar.

Jon Kabat-Zinn has defined mindfulness as "the awareness that arises from paying attention, on purpose, in the present moment and non-judgmentally".

Geloofsoefening

Skep hierdie week by elke ete 'n *STOP* geleentheid waar elkeen om die tafel in stilte bewus word van sy asemhaling. Gee dan geleentheid waar elkeen sê waarvoor hy/sy dankbaar is – 'n moment om God se sorg raak te sien.